Misdaad in die landbou internasionaal gepak

DIE internasionale organisasie vir dieregesondheid (OIE), die Verenigde Nasies se voedsel- en landbou-organisasie (VLO) en Interpol, 'n internasionale polisie-organisasie, het 'n werksessie oor landboumisdaad virtueel aangebied wat deur verteenwoordigers van landbou-organisasies wêreldwyd (ook van die Rooivleisprodusente-organisasie) bygewoon is.

Die sessie was deel van 'n projek om weerstandigheid teen landboumisdaad en landbouterrorisme op te bou. Dit was daarop gemik om samewerking tussen die veterinêre en wetstoepassingsektor te verbeter, asook om multi-sektorale vermoëns op te bou om op dieregesondheid-noodgevalle te reageer wat deur die doelbewuste vrystelling van bakterieë veroorsaak word.

Die virtuele werksessies het daarop klem gelê om by te dra tot die ontwikkeling van 'n plan om landboumisdaad wat 'n invloed op dieregesondheid en -sorg het, te hanteer.

Sulke landboumisdade is by wyse van verskeie voorleggings en besprekings beskryf en binne konteks geplaas. Deelnemers kon hul ondervinding van landboumisdaad uitruil; probleme is geïdentifiseer vir die veterinêre en wetstoepassingsektor om doeltreffend saam te werk; en moontlike oplossings vir dié probleme is omskryf.

Wanneer 'n misdadige optrede doelbewus gedoen word, word dit deur finansiële of persoonlike redes gemotiveer. Sulke misdadige optrede kan skadelik wees vir mense, die ekonomie en maatskaplike bedrywighede, voedselsekerheid, asook die nasionale veiligheid van 'n land.

Wanneer finansiële gewin die dryfveer is, word die bedrywighede van die georganiseerde misdaad dikwels aangeblaas. 'n Biologiese misdaad is die dreigement of die gebruik van biologiese materiale of gif om mense, diere en plante skade te berokken en word meestal ook deur finansiële gewin gedryf.

Die deelnemers aan die sessie het 'n wye reeks landboumisdade wat met diere verband hou, geïdentifiseer wat van kleinskaalse en plaaslike aard wissel tot wyd verspreide, georganiseerde misdaad. Dit is in die volgende kategorieë geplaas:

- Vervalste veterinêre en dierepodukte.
- Dieregesondheid.
- Terrorisme in die landbou.
- Voedselbedrog.
- Nie-nakoming van regulasies.
- Onwettige gebruik van wild.
- Smokkelary.
- Diefstal en stropery.

Die deelnemers het ook sekere oorkoepelende gebiede geïdentifiseer waar landboumisdade wat met diere verband hou, 'n impak het. Dit is mense se gesondheid, hul lewensbestaan, die ekonomie, dieregesondheid en biodiversiteit.

Die deelnemers het aansporings vir meer en beter samewerking tussen veterinêre en wetstoepassingsowerhede geïdentifiseer. Dit sluit in dat die samevoeging van kennis daartoe sal lei dat die inherente redes vir misdaad aangepak word en nie net die simptome nie. Verder verseker die samevoeging van magte dat epidemiologiese en wetstoepassingsondersoeke nie met mekaar bots nie, maar dat die twee gemeenskappe voordeel kan trek ui die manier waarop forensiese en epidemiologiese ondersoeke mekaar komplementeer.

Die samewerking tussen die twee dissiplines word gekortwiek deur teenstellende doelwitte en voorrangsake, waaronder beskikbare hulpbronne; die gebrek aan 'n gemeenskaplike begrip van die probleem en 'n gebrek aan samewerkende raamwerke.

Ná die besprekings het die deelnemers nege gebiede geïdentifiseer waar samewerking tussen veterinêre dienste en wetstoepassingsowerhede bevorder kan word. Dit is: Voorspraak, die gesamentlike bevordering van opleiding- en ontwikkelingskapasiteit, samewerkingsmeganismes, kommunikasie en bewusmaking, die uitruil van inligting, gesamentlike optrede, wedersydse begrip, die bou van verhoudings en risikobestuur.

Sekere aspekte is uitgelig as van die rigtings wat gevolg kan word in 'n toekomstige plan.

Dit sluit in beter metodes om bewyse te versamel en te gebruik om misdaad te pak, 'n vermindering in die handel van vervalste dierlike en veterinêre produkte en dieresorg moet 'n voorrangsaak van samewerking tussen wetstoepassingsorganisasies en veterinêre dienste gemaak word.

GESKATTE VEEGETALLE IN SUID-AFRIKA (AUGUSTUS 2020 TOT FEBRUARIE 2021)

Provinsie	Beeste ('000)		Skape ('000)		Varke ('000)		Bokke ('000)	
	Aug.	Feb.	Aug.	Feb.	Aug.	Feb.	Aug.	Feb.
Wes-Kaap	466	466	2 545	2 497	144	141	202	199
Noord-Kaap	419	418	5 182	5 079	17	16	448	446
Vrystaat	2 054	2 023	4 330	4 362	109	106	215	211
Oos-Kaap	3 050	3 059	6 513	6 394	81	79	1 991	1 968
KwaZulu-Natal	2 380	2 320	628	610	143	143	662	651
Mpumalanga	1 248	1 243	1 527	1 508	104	102	77	76
Limpopo	860	850	199	192	329	329	902	909
Gauteng	246	246	84	83	155	153	21	20
Noordwes	1 576	1 545	596	585	275	265	651	641
Totaal	**12 299**	**12 170**	**21 604**	**21 310**	**1 357**	**1 334**	**5 169**	**5 121**

VEEGETALLE IN SUID-AFRIKA DAAL EFFENS

DIE bees-, skaap-, vark- en bokgetalle in Suid-Afrika het met onderskeidelik 1,04%, 1,37%, 1,7% en 0,95% vanaf Augustus 2020 tot Februarie 2021 gedaal, luidens die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling. Die meeste beeste is in die Oos-Kaap, gevolg deur KwaZulu-Natal en dan die Vrystaat. Die Oos-Kaap is ook die tuiste vir die meeste skape, gevolg deur die Noord-Kaap en dan die Vrystaat. Die meeste varke is in Limpopo.

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. **012 349 1102** | E-POS: **rpo@lantic.net**
WEBWERF: **www.rpo.co.za**